

ONBEKENDE VROUE: TOG NIE ONGESIENS OF ONBEMIND NIE

Die vrou by die put

1. Inleiding

Die Bybel wemel van vrouekarakters waarby ons kan leer. En tog word meer as die helfte van die vroue wat in die Bybel genoem word, se name nie vermeld nie. Die anonieme vroulike karakters in die Bybel word dikwels volgens status soos slavin, wyse vrou of prostituut verwys, of volgens 'n sekere verhouding waarin hulle gestaan het: moeder, dogter, vrou, suster. In Bybelse tye was 'n naam nie net 'n aanspreekvorm nie. Jou naam het 'n betekenis gehad, dit was jou identiteit, jou karakter, reputasie, outoriteit en baie meer.

Dit maak seker sin in die kultuur waarin hulle geleef het waar mans die sosiale beheer gehad het, waar vrouens nie opgevoed kon word nie, in 'n sensus getel is of selfs in die hof kon getuig nie. Dit is so dat die kultuur rondom vroue in Bybelse tye selfs as diskriminerend beskou is. Maar ons sien in die Woord hoe God die gewoonte het om die mens se kultuur met Koninkrykskultuur omver te gooi. God kies om onbekende vroue ten spyte van hul sogenaamde naamloosheid en ten spyte van hul foute en tekortkominge in die Woord laat opteken het om my en jou lewe vir ewig te beïnvloed. Die Nuwe Testamentikus, Jerome H. Neyrey gaan in groot besonderhede in oor hoe "onbetroubaar" Jesus in "behoorlike" optrede met vroue op daardie tydstip omgegaan het – iets wat in hierdie studie duidelik na vore kom.

2. Delf in die woord

Joh. 4:1-43

3. Agtergrond

Joh. 4:1-3 Die Fariseërs het gehoor dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes. Eintlik was dit nie Jesus wat gedoop het nie, maar sy dissipels. Toe Jesus dit verneem, het Hy Judea verlaat en weer na Galilea toe gegaan.

In die eerste hoofstuk van Johannes lees ons van die plaaslike godsdiensteleiers wat gevoel het om Johannes die Doper te ondersoek en in die vorige hoofstuk (3) lees ons

van 'n rusie tussen Johannes volgeling en 'n Joodse leier. Nou is Jesus se bediening selfs gewilder as Johannes s'n. Jesus het gewet die tyd is nie reg vir konfrontasie met die Joodse leiers nie, daarom verlaat Hy Judea en gaan na Galilea.

4. Gebeure en interpretasie

In vers 4 staan hierdie een interessante sinnetjie: *Hy moes deur Samaria gaan*. Dis 'n sinnetjie wat ons nie kan mislees nie, want hoekom móés Hy deur Samaria gaan? Alhoewel dit die kortste roete was, is dit juis die roete wat elke Jood teen alle koste sou vermy. Die Jode het die Samaritane as onrein beskou as gevolg van hulle vermenging met ander volke en hulle aan afgodediens skuldig was. Maar hier moes 'n rede wees waarom die teks sê: Jesus *moes* deur Samaria gaan.

Jesus kom in die middel van die dag, twaalfuur by die put van Jakob, by die dorpie Siger in Samaria aan, moeg en honger. Dan stuur Hy sy dissipels dorp toe om kos te gaan koop.

Net hierdie paar verse openbaar iets van Jesus: Hy weet, in gehoorsaamheid aan die Vader, dat Sy tyd nog nie gekom het vir konfrontasie met die Fariseërs nie. In gehoorsaamheid aan sy Vader moet Hy deur die "verkeerde" gebied van die "heidene" gaan.

Alles verloop teen die verwagting in. Verder is Jesus dors, maar hy het nie 'n skeping om water te skep nie en dis in die middel van die dag wanneer niemand water skep nie. Hierdie is dus 'n intensionele afspraak.

Dan sê Joh. 4:7: *Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou water haal' en Jesus knoop 'n gesprek met haar aan.*

Vir 'n man, en dan nog 'n rabbi, om met 'n vrou 'n gesprek aan te knoop as hulle alleen is, was net sosiaal totaal onaanvaarbaar. Die feit dat sy 'n Samaritaan is, maak dit nog soveel erger – dit maak Hom as Rabbi eintlik onrein om met haar te meng. Maar Jesus steur Hom nie aan sosiale tafels nie – Hy gooi hulle om.

Jesus doen in gehoorsaamheid net wat die Vader vir Hom sê om te doen en Hy ontsien niks nie – nie die gebied waardeur Hy loop nie, nie haar geslag, nie haar kultuurgroep en nie haar reputasie of status in die samelewing nie én ook nie wat dit aan sy eie reputasie gaan doen nie. Want Jesus het aarde toe gekom om sy opdrag van die Vader te voltooi, die opdrag waarvan ons in Luk. 19:10 lees: *“Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.”*

Nou is hier ‘n belangrike vraag om te antwoord: Hoekom gaan skep die vrou op die hitte van die dag water? Die gebruik was dat die Samaritaanse vroue gewoonlik in die oggend en aand wanneer dit koeler is, gaan water skep. Maar hierdie vrou wil tien teen een die geselskap van die ander vroue van die dorp vermy, want sy is nog ‘n vrou met ‘n reputasie, sy is ‘n randfiguur, ‘n “cast-out”, ‘n vrou aan die onderkant van die sosiale leer. Hoe weet ons dit? Ons lei dit uit haar latere gesprek met Jesus af as Hy in vers 18 vir haar sê: *“want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê.”*

Dis presies wie Jesus vandag nog is. Is dit nie wonderlik om te weet dat Jesus ook met elkeen van ons ‘n afspraak wil hê nie? En wanneer Jesus na ons kyk, sien Hy ook nie ons herkoms, ons familie, ons status, ons mislukkinge, ons verlede, of wat ook al raak nie. Hy laat niks in sy pad staan nie.

Dan vra Jesus in vers 7 vir hierdie vrou: *“ Gee vir My ‘n bietjie water om te drink.”*

Jesus begin baie doelgerig, maar sag, haar in ‘n gesprek inlei om te ontdek wie Hy werklik is. Sy weet nog nie met wie sy praat nie en was dalk al so gewoond aan konfrontasies met mense en daarom haar uitdagende vraag in vers 9: *“Hoe vra jy, wat ‘n Jood is, vir my, ‘n Samaritaanse vrou, water om te drink? Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie.”*

Jesus laat Hom egter nie onkant vang nie. Hy is nie hier vir ‘n argument oor Jode en Samaritane nie. Hy het ‘n baie dieper gesprek as dit in oog - ‘n gesprek wat in elk geval nie oor kultuur, diskriminasie of vooroordeel gaan nie. Hy begin nou vir die eerste keer subtiel geestelik praat in vers 10: *“As jy geweet het wat God gee, en wie dit is*

wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink,' sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het."

Jesus gebruik baie keer dinge in die fisiese realm om iets in die geestelike realm oop te breek. Hy gebruik byvoorbeeld brood om na sy liggaam te verwys, wyn om na bloed te verwys, saad, ens. Jesus gebruik iets soos water en dors hier by die mond van die put in die fisiese realm om haar in 'n geestelike gesprek in te lei, waar Hy haar 'n geskenk van God wil bied en haar by Homself wil uitbring.

Dis heel waarskynlik dat hierdie vrou heeltemal bewus was van wie sy is en haar antwoord is amper 'n konfronterende, dalk effens arrogante antwoord. Sy is tien teen vanweë haar verlede baie agterdogtig oor hierdie Joodse man wat so radikaal sosiaal onaanvaarbaar optree en vanweë haar verlede is sy duidelik nie bang vir argumenteer met mans nie.

Daarom sê sy in vers 11&12: *"Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry? Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?"*

Sy kyk op hierdie stadium dus nog steeds net na die sigbare. Sy kyk steeds na die fisiese realm, sy dink aards. Hy het nie 'n skepding nie, die put is diep, of het Hy dalk 'n ander put as hul voorvader Jakob? Daarmee wil sy ook seker te kenne gee dat sy darem kennis van Jakob en die geskiedenis het.

Hoe dikwels is dit nie die probleem van die mens nie? Ons geestelike oë is soms net so toe om te sien wat God in ons lewens wil doen. Hoe dikwels stoei mense met God se belofte van redding en verlossing, omdat ons aards dink? Redding moet sin maak, ons wil fisiese goed doen om redding te bekom. Ons wil ons verlede of sonde wegwerk. Soms sukkel God se kinders met sekerheid van geloof, omdat ons dit met ons verstand wil uitredeneer of selfs op ons emosies fokus i.p.v. geloof in Jesus. In die moeilike uitdagende tye waarin ons leef, kan dit wees dat sien dalk ook net die fisiese realm raaksien. Sien ons net die bankbalans, die siekte, die probleem, die pyn, ons verlede so groot dat dit ons visie na God toe versper?

Jesus, die volmaakte Leermeester, word egter nie van stryk gebring nie. Hy is nie ontsteld deur haar houding nie; deur haar geestelike onvermoë om te verstaan nie, ook nie met ons s'n nie. Hy ken haar diepste verlange, ook ons s'n. Hy sê vir haar in vers 13 en 14 (en Hy sê dit ook vandag steeds vir ons): *"Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee."*

Jesus gebruik die woord water by die mond van die put (die fisiese) om na twee soorte dors hier te wys. Wat sê Jesus eintlik vir haar in hierdie verse? Daar is twee soorte water: die een soort drink 'n mens, maar jy gaan weer dors word. Dan is daar 'n ander soort water wat jy kan drink en nie weer dors word nie. Maar Hy sê nog nie wat hierdie water is nie!

Jesus is besig om die vrou in 'n sekere rigting te lei. Hy konfronteer haar nie eers oor haar verlede en vra haar nie om eers terug te gaan en haar chaos te gaan uitsorteer nie. Nee, Hy nooi haar eers na Hom self toe uit sodat Hy haar kan help om haar probleme te hanteer. Hy rig eintlik die uitnodiging van Matt. 11:28-30 aan haar: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."* Of die woorde van Joh. 7:37: *"As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!"*

Hoe dikwels dink ons nie verkeerd deurdat ons dink mense moet eers hul lewens uitsorteer om by die Here uit te kom nie? Hoe dikwels huiwer mense nie om na Jesus te kom omdat hulle dink hulle moet eers hulle lewens uitsorteer? Nee, dis juis andersom. Jesus wil juis hê ons moet kom net soos ons is sodat Hy met ons dors, met die sonde in ons lewe kan deel, want verlossing van sonde is juis net in Jesus moontlik. Het jy al op Jesus se uitnodiging om lewende water by Hom te kry, gereageer? As jy nie het nie, wat weerhou jou? Watter redenasies of leuens of vrese weerhou jou? Die reddende water is vir my en jou beskikbaar. Wil jy nie vandag opstaan, nes jy is, en drink en weet dat Jesus jou naam in sy handpalm graveer nie?

Let op dat Jesus nie hier vir haar sê wat die lewende water is nie, of dat Hy die lewende water is nie, maar dat Hy lewende water aan haar sou gee. Wat is die lewende water?

Jesus gebruik soortgelyke woorde in Joh. 7 en dit bring meer lig op die onderwerp. In Joh. 7:37-38 staan daar: *Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei." Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Jesus bedoel dus hier met "lewende water" die Heilige Gees.*

Dis juis hoe ons ook die lewende water, die Gees ontvang – deur Jesus. Vers 38 sê: want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die bediening van die Gees vloei dus uit 'n hart wat deur God verlos is, deur wedergeboorte. Dis wat vers 13 wil sê: "maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie." Die verlossing deur Jesus Christus is eenmalig; die reddende water wat Jesus gee, verander jou vir altyd.

Vers 14 sê egter: "Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee."

Ons ontvang dus die Gees eenmalig as ons tot geloof in Jesus kom, maar hoe leef ons in die krag van die Gees? Hoe word die Gees 'n stroom water wat in ons opborrel? Ek hou van wat Calvyn hieroor sê: "Ons drink nie so dat ons van die eerste dag af volkome versadig is nie, maar dat wanneer ons die water drink wat Jesus bied, ons die Gees ontvang en die dat die Heilige Gees 'n altyd vloeiende fontein is. Daar is dus geen gevaar van 'droogte' in die lewe van iemand wat van die geestelike water gedrink het nie."

Dit sê dus dat die water van die Gees altyd beskikbaar is en solank ons dit drink en daardeur gevul word, soos die opdrag in Ef. 5:18 is: "maar laat die Gees julle vervul", wat 'n voortdurende proses is, sal dit in ons lewe uitborrel.

Die vrou reageer dan deur van die water te vra, maar sy dink steeds aardse. Sy sê in vers 15: *"Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie."* Sy dink steeds aan aardse water wat haar die verleentheid van die publiek by hierdie put gaan spaar.

Dan haal die Groot Chirurg sy skalpel uit, om by die plek uit te kom waar Hy weet sy vashaak. Hy sny saggies tot in die kern van die saak.

Joh. 4:16 – 18 Hy sê toe vir haar: "Gaan roep jou man en kom terug hierheen." Die vrou het Hom geantwoord: "Ek het nie 'n man nie." En Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: 'Ek het nie 'n man nie. 'Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat."

Jesus druk sy vinger hier op 'n sensitiewe seerplek in haar lewe. Hy ontbloot haar verlede, haar wond, nie om seer te maak of om haar te laat skuldig voel nie, maar omdat Hy weet dit die diepte van die ware dors in haar hart aanspreek. Sy het gedink sy kan haar dors by mans les, maar Hy weet dis haar groot verleentheid, waarom sy die ander vroue van die dorp wil vermy, waarom sy dors is.

Miskien is ons almal in 'n sekere sin die vrou by die put. Ons is dors. Die verklaring van die woord dors in vers 15 word volgens die Thayer woordeboek ook figuurlik verklaar met:" thirst who painfully feel their want of, and eagerly long for, those things by which the soul is refreshed, supported, strengthened."

So dikwels kry ons swaar en wil ons soos die vrou by die put liever alleen water skep. Dikwels loop ons met diep wonde wat ons liever net wil wegwens of wegsteek of ontken. Hoeveel vroue loop nie met 'n diep geheim van 'n verkeerde verhouding, 'n verslawing aan kos of drank of pornografie nie? Hoeveel vroue ly eensaam oor 'n fout uit jou verlede wat die vyand jou vertel onvergeeflik is? Hoeveel vrouens kreun nie onder 'n konstante gevoel van: ek is nie goed genoeg nie! Ek is selfs nie goed genoeg vir God nie.

En hoe dikwels skep ons nie by die verkeerde putte om ons dors te les nie? Ons dieper dors lei ons soms na fisiese putte toe soos kos, alkohol, medikasie, diëte, skoonheidsmiddels of -programme. Ons fokus dikwels op die diep droë put van ons

voorkoms, van status, van materiële goed en glo ons dors gaan geles wees as ons 'n beter kar, mooier huis of wat ook al het.

Ons dieper dors lei ons soms na emosionele putte toe. Ons probeer verhouding na verhouding na verhouding, net om droog te bly. Ons glo ons gaan gelukkig wees as ons my man verander, as my kinders rigting kry, as ek nuwe vriendinne kry....

Dikwels skep ons selfs uit verkeerde geestelike putte soos om vrede in 'n spesifieke kerk of geloofsgroep te vind, of om rituele te beoefen, of weg te hardloop met een of ander spiritualiteit. Alles behalwe Jesus self.

Maar dis juis wat hierdie verhaal vir ons illustreer. Jesus wil ons ontmoet op die plek waar ons die diepste dors ervaar. Hy wil vir ons sê: Ek weet! Ek ken daardie ding wat die dieper dors veroorsaak se regte naam. Daarom sê Hy: "Kom net eers na My toe. Kom ontmoet My net by die put. Vertrou My net eers met jou lewe. Ek het die lewende water elke dag vrylik beskikbaar is om jou deur elke droogte te vat."

Om hierdie lewe van God te bekom, moes die vrou egter eers met die ware toestand van haar lewe gekonfronteer word. En dieselfde vir ons. Ons moet die sonde of die pyn in ons lewe erken en daarmee handel.

Toe Jesus hierdie woorde vir haar sê, besef die vrou dat dié vreemde man 'n profeet van God moes wees, want alleenlik 'n profeet kon sulke verborge dinge omtrent 'n ander weet. Daarom antwoord sy in vers 19: "Here ek sien dat u 'n profeet is." Haar gedagtes begin nou skuif van die fisiese na die geestelike.

Sy begin selfs godsdiens praat. Want in Joh. 4:20 sê sy: "Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem." Sy sleep die groot twispunt tussen Jode en Samaritane oor waar aanbid moet word, in. Die Samaritane wou aanvanklik saam met die Jode 'n tempel in Jerusalem bou, maar die Jode wou hulle nie toelaat nie. Die Samaritane het toe gesê dat die regte plek om God te aanbid op Gerisimberg was.

Dit is dikwels een van die toertjies van die vyand – om kerk of godsdiens te begin praat om ons geestelik te laat lyk, in plaas daarvan om waarlik geestelik te fokus. Ons praat kerkgoed, maar nie noodwendig geestelik nie.

Maar Jesus breek ook deur die grens: *Joh. 4:21 Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie.*

Joh. 4:23 Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen.

Joh. 4:24 God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."

Jesus herskryf die hele debat oor die regte aanbiddingsplek. Die hele manier van aanbidding gaan verander; daar kom 'n nuwe bedeling. Dit sal nie meer nodig wees om na heilige plekke toe te gaan om God te ontmoet nie. Aanbidding sal nie meer oor 'n plek gaan nie – aanbidding gaan oor 'n Persoon. Aanbidding sal wees wanneer die mens se gees met God se Gees een word en God so aanbid word. Die mens se hart word dan die kerk word waarin God aanbid word.

Jesus praat oor dinge wat in die toekoms gaan gebeur en sy sluit daarby aan.

Joh. 4:25_ Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak."

Op die oomblik wat die vrou erken dat sy ook die Messias verwag, openbaar Jesus Homself aan haar.

Joh. 4:26_ Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat."

Wat 'n boodskap vir hierdie vrou om te hoor! Hoe wonderlik moes dit nie vir haar gewees het om te hoor dat Hy wat nou met haar gepraat het, die lang verwagte Messias was op Wie sy gehoop het nie. En die Heilige Gees het natuurlik ook in haar hart aan haar bevestig dat dié Jesus wat daar met haar gepraat het, waarlik was wie Hy gesê het Hy was. Daar was sy: belas met sonde, toegevou in skaamte, diep dors en sy het 'n ontmoeting met die Een wat presies weet wie sy is, en haar nietemin liefhet.

Sy loop haar vas in Jesus om vir ewig veranderd te wees. Sy vind ware intimiteit in Jesus, vir die eerste keer in haar lewe met hierdie man, hierdie Jood, die Messias. Hy is lief vir haar soos niemand ooit gehad het nie. Hy is anders as elke ander man wat sy ooit geken het. Sy was dors en Hy het haar lewende water aangebied. Vir die eerste keer in haar lewe word haar dors geles.

Die oomblik toe die Heilige Gees hierdie radikale openbaring van God aan haar laat deurbreek en sy dit aanvaar, gaan deel sy die getuienis met haar dorpie se mense. *Joh. 4:28 & 29 Die vrou het toe haar waterkan laat staan en na die stad gegaan en vir die mense gesê: Kom kyk 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?*

Sy vergeet van die aardse missie om water te skep, los haar kruik net daar en gaan deel haar getuienis oor beter water wat sy gevind het; haar persoonlike getuienis van wat Jesus in haar lewe gedoen het. Die kruik wat sy neergooi kan in 'n sekere sin as simbolies gesien word van 'n ou lewe wat sy agterlaat. Sy doen dit in die vorm van 'n persoonlike getuienis, en raak so die eerste getuie van Jesus naas Johannes die Doper! Die eerste sendeling is as't ware 'n vrou. 'n "Nobody" word 'n "Somebody". Hierdie Samaritaanse vrou bring 'n hele 'n hele dorpie na Jesus en haar verhaal word opgeskryf om my en jou te bemoedig. Hierdie vrou se naam word nooit genoem nie. Ek glo God het dit doelbewus so gedoen. Hy kies 'n sondige, onbekende gewone vrou gekies om 'n dorpie na Hom te draai.

Wat is my en jou verskoning vandag om nie ons ontmoeting met die Messias te deel nie? Daar is nie vir hierdie vrou 'n standbeeld iewers opgerig nie, al was sy uiteindelik 'n heldin om 'n dorpie se mense na Jesus te lei. Daar gaan tien teen een nie vir my en jou eendag 'n standbeeld opgerig word nie, maar mag ons die heldedaad verrig om mense na Jesus toe te lei – die een wat ons ware dors kan les.

SLOTSOM

Ons het gesien God kies om onbekende vroue ten spyte van hul sogenaamde naamloosheid en ten spyte van hul foute en tekortkominge in die Woord laat opteken om my en jou lewe vir ewig te beïnvloed. Hulle name is nie in die annale opgeteken nie, maar in die Woord en hulle nalatenskap is vir altyd. Hul lewens het oor die eeue heen 'n invloed op mense se lewens gehad en baie by Christus uitgebring.

Hulle is onopvallende karakters, deur die samelewing op die agtergrond geskuif as 'weglaatbaar'. In een oomblik verander Jesus hulle van agtergrondspelers na hoofkarakters en skyn die kollig op hulle in hul eie verlossingsdramas.

Dit is so ironies – al drie is naamloos. Al drie is onbekend, maar vir ewig bekend! Hulle is onbekend maar nie ongesiens nie; onbekend maar nie onbemind nie. Omdat ons met hulle kan identifiseer, is hulle by ons bemind en word hulle as't ware ons vriendinne.

WAT LEER ONS BY AL DRIE DIE ONBEKENDE VROUE IN DIE BYBELSTUDIREEKS?

- Hul bevind hulle in desperate omstandighede en hul desperaatheid bring hul by Jesus uit. Dis ons desperaatheid wat ons moet laat voortbeur na Jesus toe.
- God eer 'n nederige gebroke hart en gebruik dit tot sy eer!
- Ons kom soos ons is. Ons is nie te onrein om met Hom te ontmoet nie. Hy ontmoet juis die onreines om hulle rein te verklaar!
- Hy is bewus van elke persoonlike "aanraking". As ons na Hom toe kom, sal Hy ag slaan. God staan by mense stil – Hy sal ook by my en jou stilstaan
- Ons leer sy absolute liefdeshart vir mense van alle klasse van die samelewing ken. God se persoonlike bemoeienis, voorsiening en versorging word duidelik in hulle verhale.
- By Hom is genesing fisies, emosioneel en geestelik moontlik. Hierdie vroue kom met fisiese siekte, met emosionele pyn, met geestelike nood, maar hulle word al drie definitief emosioneel en geestelik gesond.
- Hulle geloof het hulle gered – my en jou se geloof in Jesus ons Verlosser sal ons red, ons emosioneel en geestelik genees.

- Al drie los die seer en pyn en word nuut – hulle kry 'n nuwe identiteit. Vir hulle word 2 Kor. 5:17 waar: *Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.* So is ook ons identiteit nie wie ons is nie, maar Wie s'n ons is.
- Laat ons deel van die skare vroue word wat Jesus volg, wat sout en lig is en iets nalaat wat sê: “Die vrou wat... “ en dan moet daar iets volg wat waarde tot mense se lewens en die Koninkryk toegevoeg het. Mag ons in ons eie verhale dan eerder “anoniem” bly, onindrukwekkend, nederig, gebroke sodat al die lig op Hom skyn en Hy verheerlik word.

“Whatever names the unidentified godly women of the Bible may have in heaven, they must remain “Nameless here for evermore.”

Edgar Allan Poe